Privaat sak X11, Arcadia 0007
Tel. **086 133 3786**
Faks (012) 329 0293
E-pos: akademie@akademie.co.za
Webwerf: www.akademie.co.za

Engelenburghuis
Ziervogelstraat 574
Arcadia, Pretoria

Tydelike adres: Soutpansbergweg 92
Riviera, Pretoria

Stigtingsjaar 1909

1 Junie 2016

PERSVRYSTELLING
(Vir onmiddellike vrystelling)

KOMMENTAAR VAN DIE SA AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS OP DIE TAALBELEID VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Die SA Akademie strewe na akademiese uitnemendheid in die hoër onderwys, in en deur Afrikaans. Die Akademie het 'n lang tradisie van samewerking met die Universiteit van Pretoria wat 'n nasionale en internasionale reputasie met Afrikaans as onderrigtaal verwerf het.

Daar is nasionaal en internasionaal empiriese bewyse dat leerders op skoolvlak, asook op naskoolse vlak, die beste in hulle moedertaal presteer. In Suid-Afrika, met 'n nypende tekort aan vaardighede, moet optimale geleenthede aan leerders gebied word om dié vaardigheids-behoeftes aan te vul. Vanweë die goeie basiese skoling in moedertaalonderrig skakel Afrikaanssprekende studente relatief maklik na Engels oor. Maar daar is bewyse dat hulle nie so goed presteer soos met Afrikaans as onderrigtaal nie. Die UP moet met hierdie feit rekening hou. Neem die voorbeeld van die UWK waar die toelating van swart studente wat aandring op studie in Engels, meegebring het dat die universiteit geheel en al verengels het. Die gevolg was dat die bruin studente met Afrikaans as huistaal en met 'n beperkte Engels-taalvaardigheid, se prestasies merkbaar verswak het. Afrikaanstalige studente is toppresteerders aan universiteite. 'n Universiteit kan dié studente nóg subsidiegewys nóg vir sy navorsing en toekomstige eie hoëvlakpersoneel, ontbeer. Die meerderheid handel hulle studie binne die minimum tydperk af en studeer daarna nog nagraads.

'n Universiteit het 'n universele karakter wat veral met globalisering sterker na vore getree het. Maar 'n universiteit is ook 'n instelling wat in 'n spesifieke plaaslike maatskaplike en kulturele omgewing funksioneer. Veral ná die wêreldwye ekonomiese insinking van 2008 het baie universiteite ook besef dat hulle in die eerste plek die plaaslike gemeenskap moet dien. Die UP se bestuur behoort hierdie wenk ter harte te neem, ook by die bepaling van sy taalbeleid en vir eers te fokus op die basiese behoeftes van Suid-Afrika. Die bekende prof. Clark Kerr stel dit in sy opspraakwekkende boek, *The uses of the University* (2001) dat selfs vir 'n navorsings-universiteit soos dié in Berkeley, die staat (lees provinsie) van Kalifornië se behoeftes eerste kom. Die UP moet dus in die eerste plek na sy omgewingsbehoeftes omsien. Hier tree ook die behoeftes van veral die Afrikaanssprekende bevolking na vore.

Sedert 1994 het transformasie op alle vlakke van die samelewing, maar veral by universiteite, 'n gonswoord geword. Dit lyk trouens of transformasie by universiteite in Suid-Afrika ten

onregte dikwels op verandering van taalbeleid gefokus word. Die UP moet poog om die begrip transformasie te ontpolitiseer en vir eers politici buite rekening te laat en bedink wat goed is vir die universiteit en vir Suid-Afrika. Demografiese feite moet in ag geneem word en daarvolgens gehandel word.

Gesien die 6,8 miljoen mense met Afrikaans as huistaal in die land en die uitnemende prestasies van Afrikaanstalige matrikulante en studente, behoort UP steeds plek te verseker vir Afrikaans as onderrig- en navorsingstaal. UP moet rekening hou met die feit dat Gauteng met 1,6 miljoen Afrikaanssprekendes, geen ander Afrikaanse universiteit meer het nie. Die Universiteit van die Witwatersrand en die Universiteit van Johannesburg is Engelstalige universiteite. Dit vereis dat 'n waarborg verskaf word dat studente hulle voorgraadse studie in Afrikaans kan voltooi.

Die SA Akademie stel die volgende voor:

(1) ’n Taalplan van ten minste **vyf jaar**. Dit val saam met strategiese planne van universiteite en sal jaarlikse spanning en konflik vermy.

(2) Die UP wat oor baie jare leiding ten opsigte van baie aspekte van onderrig en navorsing gegee het, moet weer die toon aangee deur

- ongebreidelde groei teen te werk en realistiese studente-toenames met die departement van hoër onderwys te onderhandel;
- die onregverdige diskriminasie teenoor studente wat ná 1994 gebore is tot 'n einde te bring;
- uitreikaksies na Afrikaanstalige skole in samewerking met bestaande instansies te verskerp. Dit is voor die hand liggende take en moreel geregverdig. Daardeur sal die getalle- en gehalte-aanbod van Afrikaanstalige studente verhoog en vertroue herstel word.

SLOTWOORD

Die Universiteit van Pretoria het in die verlede met groot sukses sterk standpunt ingeneem teen ideologies-politieke beleidsrigtings en daarmee groot respek as 'n uitnemende universiteit verwerf. Laat sy uitnemendheid berus op 'n sterk onafhanklike standpunt en nie op politieke gedienstigheid wat sou inhou dat Afrikaans uit sy "sisteem" verwyder sou moes word. Vooroordele teen Afrikaans as sogenaamde "wit" taal en as "taal van apartheid" is ongegrond. As laasgenoemde argumente wel geldig sou wees, is Engels nog ’n meer besmette taal vanweë 'n beskamende, diskriminerende koloniale beleid wat deur middel van Engels wêreldwyd afgedwing is. Die SA Akademie bevestig met klem dat hy nie 'n anti-Engelse standpunt huldig nie. Die organisasie pleit vir 'n billike bedeling waarin Afrikaans 'n plek het.

Dr. Dionē Prinsloo: Hoof Uitvoerende Beampte
Tel 086-133-3786 / Sel 082 464 6953
E-pos: dprinsloo@akademie.co.za / akademie@akademie.co.za